basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**FINAL APPROVED Guideline:**
**6 December 2023**

Internal Moderator:
Selvan Naidoo

External moderator:
Raita Steyn

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**


Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]**

**Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1.1 **(Ken 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek toe)**



Die **fatsoene** is plat en gestileerd wat visuele beelde skep wat eenvoudig, naïef en maklik om te lees, is.☑ Die vroulike gesigte, haarstyle en bykomstighede, asook baie van die blomme het organiese fatsoene wat 'n ontwerp vol kromlynige beweging skep.☑ Die gepunte fatsoene van die blomblare skep sigsag-ritmes wat die oorvol komposisie/uitleg intensiveer.☑

Die ontwerp is veelkleurig en bestaan uit 'n wye reeks helder, plat **kleure** wat 'n prettige, gelukkige atmosfeer oordra.☑ Daar is warm kleure soos geel, pienk en rooi, wat kontrasteer met koel kleure soos turkoois, groen en violet. ☑ Hierdie kontras dra by tot die algemene gevoel van lewendigheid.☑ Elke portret is op 'n suiwer wit agtergrond geplaas wat kontrasteer met die sterk kleur van die portrette asook die rooi en violet kante van die raam, wat die gesigte duidelik sigbaar maak.☑ Die oppervlakontwerp sluit die komplementêre kleure rooi en groen, pers en geel, blou en oranje in wat 'n sterk kontras skep en die ontwerp treffend maak.☑

Die ontwerp is plat en baie deurmekaar met baie min **ruimte** aangedui.☑ Die negatiewe ruimtes bestaan uit helderkleurige blomme en stingels wat die platheid van die oppervlak verhoog en beklemtoon.☑ Die sirkelvormige medaljons oorvleuel met die geblomde agtergrond wat 'n klein bietjie vlak ruimte toon.☑ Daar is geen gebruik van skakering of perspektief nie. Die ontwerp kom plat en tweedimensioneel voor.☑

Die herhaling van die sirkelvormige medaljons met hulle sterk wit binnekante en rooi en violet rame **verenig** die werk.☑ Eenheid word ook verkry deur die herhaling van al die blomme in die agtergrond wat die komposisie byeenbring.☑ Die herhaling van die wit agtergrond in die ligkrans skep eenheid want dit kontrasteer goed teenoor die agtergrond.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

1.1.2 Alhoewel die plakkaat slegs jong vroueportrette toon, weerspieël dit **inklusiwiteit** want die baie verskillende sosiokulturele groepe en nasionaliteite word uitgebeeld.☑ Dit is sigbaar in die gebruik van verskillende haarstyle, velkleure, hoede en kopdoeke om tipiese Asiese, Moslem-, Afrika- en Europese kenmerke te illustreer.☑ Inklusiwiteit is ook duidelik/sigbaar deur die gebruik van mense se veltoestande, soos vitiligo.☑ Geen diskriminasie is deur die ontwerper gemaak deur mense wat aan sulke toestande ly, uit te sluit nie.☑



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.1.2 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 1.1.1 | 2 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | 1.1.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

1.2 **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe)**



Die veelvuldige **vorms** van die sitplekarea en die pote van hierdie bank is groot, solied en sterk.☑ Die bank is ook baie organies en golwend, wat 'n mens aan groot rots- of beenformasies herinner.☑ Die rugstuk herinner 'n mens aan 'n basiese stoel met dwarshoute wat lyk asof dit deur takke of 'n ribbekas geïnspireer is, wat dan tot die natuurlike estetika van die ontwerp bydra.☑

Die tasbare **tekstuur** van die bank is grof en vol gaatjies wat dit verweer en oud laat lyk.☑ Dit lyk soos die tekstuur van rotse of hout of 'n grondboontjie en dit lyk asof dit solied en handgemaak is.☑ Dit kan uit hout gekerf wees of gemaak van klei of veselglas wat natuurlike materiaal naboots wat dit 'n aardse Afrika-identiteit gee.☑

Die **balans** van hierdie bank is asimmetries as gevolg van die natuurlike, golwende vorms asook die rugleuning wat regs geplaas is.☑ Dit lei tot 'n dinamiese struktuur met meer visuele gewig aan die regterkant van die bank.☑

Die bank **funksioneer** as sitplek vir ten minste twee mense. Dit herinner mens aan Afrika-stoele en -tromme wat dien as 'n skakel met die tradisionele Afrika-kultuur, wat gebruikers herinner aan vorms en kulturele praktyke van die verlede terwyl dit 'n gevoel van identiteit meebring.☑

Die bank in FIGUUR B gee aandag aan **ergonomiese** gemak, funksie, veiligheid, werkverrigting en estetika.☑ Die rugleuning bied ondersteuning vir die rug en gemak vir die gebruiker terwyl die sitplekarea gevorm is om by die fatsoen van die liggaam aan te pas.☑ Die groot pote van die bank is solied wat 'n stewige, veilige bank skep.☑ Die ontwerp neem ook estetika in ag met die gebruik van tekstuur, kleur en die ritmiese herhaling van die dwarslatte van die rugleuning om 'n bank te skep wat op gemaklike sitplek fokus.☑ Kandidate kan ook verskil waar hulle kan voel dat die bank ergonomies ongemaklik, hard en onprakties is.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**


…PARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 1.2 | 2 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]

2.1 **(Ken 4 punte toe)**




Die fiets☑ kan goedkoop studentevervoer simboliseer,☑ wat die idee oordra van 'n jongmens wat geld spaar☑ en kundig/ingelig oor vervoer is☑ sodat hulle geld kan hê vir prettige goed, soos oorsese reise, wat deur die vliegtuig, die Eiffeltoring en die piramides uitgebeeld word.☑
Die branderplank☑ is 'n simbool van 'n avontuurlike sport☑ wat aandui dat hierdie jongmens van sport hou wat hom byderwets/ingelig maak.☑ Die twitter-simbool☑ toon dat hy op sosialemediaplatforms aktief is en dat hy met populêre kultuur en nuus byhou.☑
Die boek☑ in die jongmens se hand toon dat hy gestudeer het☑ en nou 'n salaris kan verdien wat hom in staat sal stel om prettige goed te kan geniet, soos motorbestuur,☑ wat deur die ikoniese Volkswagen Beetle gesimboliseer word☑ wat geliefd is onder jongmense wat ingelig is en die vryheid wil hê om te reis en avontuurlik te wees.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

2.2 **(Ken 2 punte per kolpunt/aspek toe)**




Die **vorm** van die hoofgedeelte in FIGUUR D is silindries en geometries.☑ Die natuurlike handvatsel is in die vorm van 'n kameelperd se nek verander.☑ Die handvatsel is organies, speels, dekoratief en ergonomies funksioneel want dit pas gemaklik in jou hand.☑ In vergelyking met FIGUUR D, is die vorm van die beker in FIGUUR E 'n sterk en opsigtelike driehoekige keël wat na die onderkant van die


...ARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

beker afloop.☑ Die onderkant van die beker is opgelig deur drie hol buisvormige dekoratiewe strukture wat funksioneer as twee nou buisies wat aan die handvatsel vas is.☑ Die vorm van die handvatsel is dik en maak 'n sterk kurwe.☑ Op die punt van die handvatsel (wat aan die beker vas is), is daar 'n ronde balagtige vorm geheg wat 'n unieke en speelse afronding gee.☑

Beide bekers lyk asof hulle nie baie **funksioneel** is nie. Die hout van FIGUUR D sal die vloeistof absorbeer en uiteindelik die smaak van die beker se inhoud affekteer.☑ FIGUUR E sal moeilik wees om uit te drink as gevolg van die driekantige randjie van die beker.☑ Beide bekers het stewige handvatsels wat verseker dat die gebruikers nie hulle vingers verbrand terwyl hulle warm vloeistof drink nie.☑ Kandidate kan ook verskil, waar hulle voel dat beide bekers funksioneel is. Albei bekers kan as versamelaarsitems funksioneer, dit wil sê as dekoratief en esteties sowel as bruikbaar.☑

Die **oppervlakpatroon** op die handvatsel of FIGUUR D is deur die kolle op 'n Afrika-dier, die kameelperd, geïnspireer en die sigsag- en sirkelvormige patrone herinner aan tradisionele Afrika-kuns en kunsvlyt- of Art Deco-chevronpatrone.☑ Hierdie patrone word in die hout ingesny of ingekerf met 'n warm metaal puntvormige instrument om 'n aardse, handgemaakte beker te skep.☑ In teenstelling daarmee toon die plat, eenvoudige geometriese patrone op die beker in FIGUUR E die invloed van Kubiste of Abstrakte kuns van die Dekonstruksie-beweging☑ Die lukrake rangskikking van fatsoene/vorms verleen 'n Postmodernistiese anti-ontwerp/kitsch/speels-gevoel aan die beker.☑ Hierdie patrone is meer beheersd en lyk glad as gevolg van die moderne glasuringstegniek/digitale druk wat gebruik is.☑

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 2 punte kan vir tabelvergelykings toegeken word. 'n Maksimum van 4 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte vergelykings aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.**

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 2.2 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1<br>2.2 | 2<br>2 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 2.2 | 1 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 2.2 | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3 [10 punte]**
**LET WEL: Slegs twee voorbeelde (3.1 en 3.3) sal vir hierdie nasienriglyn bespreek word.**

3.1 **(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe)**





Die **Amerikaanse Kongresgebou** (FIGUUR F) is 'n voorbeeld van Neoklassieke argitektuur, 'n gewilde styl van die laat 18de en vroeë 19de eeu, wat deur die klassieke Griekse en Romeinse ideale van simmetrie, verhouding, orde en logika **beïnvloed** is.☑ Die invloed van Griekse tempelargitektuur is duidelik in die imposante trap, of die suildraer/muurdraer soos dit in Griekse argitektuur bekend staan, wat na die gebou se hoofingang, die kolonnade/suilegang ('portico'), lei.☑ Klassieke kolomme word gebruik om die kroonlys ('pediment') van die kolonnade/suilegang te ondersteun.☑ 'n Bykomende Romeinse argitektoniese kenmerk is die sferiese koepel wat agter die kolonnade/suilegang geleë is.☑ In teenstelling met die gesag, monumentalisme en simboliek van grootheid wat in die vorm van die Amerikaanse Kongresgebou getoon word, is die **Konstitusionele Hofgebou** (FIGUUR G) beïnvloed deur die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke landskap.☑ Die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hofgebou is deur vroeë Modernisme beïnvloed, maar met die klem op volume eerder as massa en deur 'n Afrika-estetiek van oopheid en openhartigheid wat volgens die simboliek van geregtigheid onder 'n boom gemodelleer is.☑

Die klassiek geïnspireerde **materiaal** wat vir die **Amerikaanse Kongresgebou** gebruik is, is groot blokke klipgroefsteen wat ook krag en mag oordra.☑ Die kroonlys is van sagte steen met uitgekerfde reliëfwerk gemaak.☑ Die pilare van die kolonnade/suilegang is gebou van sandsteen met marmer bedek terwyl die koepel van staal gemaak is.☑ In vergelyking daarmee gebruik die **Konstitusionele Hof** moderne materiaal, gesien in die glas van die toring en die gekurfde betonmuur wat op die terrein gegiet is.☑ Die betonmuur het klein driehoekies met deursigtige en gekleurde glas (die kleure van die SA nasionale vlag) daarin.☑

Die **binnenshuise versiering** van die **Amerikaanse Kongresgebou** versterk die klassieke buitekant van die gebou. Daar is marmerkolomme met Romeins-Korintiese kapitele in die sirkelvormige saal onder die koepel.☑ In teenstelling met die vertikale pilare van die Kongresgebou wat in die sirkelvormige saal gevind word, is die pilare in die **Konstitusionele Hof** skuins en lukraak geplaas in die ruimte van die voorportaal soos boomtakke.☑ Die plafon van die koepel van die Kongresgebou is versier met 'n luukse goud geverfde patroon wat herinner aan die Romeinse gekassetteerde plafon van die Romeinse Panteon.☑ Die rou betonkolomme van die Konstitusionele Hof is versier met gekleurde mosaïek in die vorm van blare en blomme.☑ Die lig wat deur die glasgevulde vorms in die betonmuur inskyn, skep 'n Gotiese roosvenster-effek aan die binnekant.☑ Draadkandelare hang soos 'n bedekking van blare wat die simboliese 'geregtigheid onder 'n boom'-Afrika-ideaal versterk.☑ Getekstureerde oppervlakke is geskep met hergebruikte gebreekte stene van die ou afgebreekte gevangenisgebou.☑



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

Die simmetriese **vorm van die buitekant** van die **Amerikaanse Kongresgebou** het perfekte balans. Die gesentraliseerde verhewe koepel is geplaas op 'n vierkantige sentrale binnehof met reghoekige vleuels aan weerskante.☑ Alhoewel die **Konstitusionele Hofgebou** deur vroeë Modernisme beïnvloed is, ignoreer die vorm daarvan die ideale van Moderne argitektuur en die monumentale strukture van die klassieke wêreld.☑ Dit plaas klem op lig en beweging wat duidelik in die golwende betonmuur is.☑ Die moderne glastoring wat bo die biblioteek staan aksentueer die voorportaal wat met glas bedek is wat 'n oop binnehofeffek vir die voorportaal skep.☑

Die klassieke elemente van die **Amerikaanse Kongresgebou** word op imposante wyse gebruik om met die mag en krag van die VSA te spog.☑ Die **funksie** van die **Amerikaanse Kongresgebou** is waar nasionale beleid en Amerika se wette ontwerp word.☑ Die gebalanseerde, georganiseerde elemente van die gebou weerspieël die fondasies waarop die Verenigde State van Amerika sy wetmaakprosesse baseer.☑ Dit funksioneer ook as 'n museum want dit huisves belangrike geskiedkundige artefakte.☑ Die funksie van die **Konstitusionele Hof** is om die hoogste hof in Suid-Africa te huisves.☑ Die hofgebou agter die uitleg van die voorportaal het 'n amfiteateruitleg om die regters wat die Suid-Afrikaanse hof verteenwoordig, te huisves.☑ Konstitusie-heuwel het 'n soortgelyke funksie as die Amerikaanse Kongresgebou, dit is oop vir die publiek as 'n museum gefokus op erfenis, onderwys en toerisme.☑ Die administrasieblok dien as 'n oorgangsarea tussen die openbare uitstallingsarea en die regters se kamers en huisves 'n uitgebreide versameling kunswerke wat integraal tot die ruimte is.☑

**OF**

**3.3 VERGELYKING TUSSEN 'N KLASSIEKE OF KLASSIEK GEÏNSPIREERDE GEBOU/STRUKTUUR EN 'N INHEEMSE KENNISSTELSEL(IKS)-GEBOU/ STRUKTUUR**

**Geboue gekies: Musgum-hut (tolek), Noord-Kameroon en Amerikaanse Kongresgebou**




Die **Amerikaanse Kongresgebou** is 'n voorbeeld van Neoklassieke argitektuur, 'n gewilde styl van die laat 18de en vroeë 19de eeu, wat deur klassieke Griekse en Romeinse simmetrie, verhouding en die ideaal van orde en logika **geïnspireer** is.☑ Invloed van die Griekse tempelargitektuur is duidelik in die imposante trap, of die suildraer/muurdraer soos dit in Griekse argitektuur bekend staan, wat na die gebou se hoofingang, die kolonnade/suilegang ('portico'), lei.☑ Grieks Doriese en Romeins-Korintiese suile/pilare word aan die buitekant van die gebou gevind.☑ 'n Bykomende Romeinse argitektoniese kenmerk is die sferiese koepel wat agter die kolonnade/suilegang ('portica')-koepeldak geleë is, maar anders as die betonkoepel van die Panteon is dit van staal gemaak.☑ Hierdie klassieke elemente word op imposante wyse gebruik om met die mag en krag van die VSA te spog.



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

In teenstelling met die klassieke elemente van die **Amerikaanse Kongresgebou** is die **Musgum**-tolek geïnspireer deur natuurlike **materiaal** uit die onmiddellike omgewing geneem.☑ Die gebrek aan hout en stene in die onmiddellike omgewing lei tot die skep van hierdie vrystaande koepels van gevormde grond/klei.☑ Klip is vir die fondasies en buitemure van die Amerikaanse Kongresgebou gebruik.☑ Die binnekant van die Amerikaanse Kongresgebou is weelderig, dit bevat figuratiewe skilderye en muurskilderye wat op geskiedkundige gebeurtenisse gebaseer is en bronsgegote beeldhouwerke wat Romeinse mites uitbeeld,☑ waar die eiervormige Musgum-tolek/hutte uit modder beskikbaar in die onmiddellike omgewing gebou word☑ en die basis van die hut word met gras versterk wat in die klei vasgesit word.☑ Die oorspronklike koepel van die Kongresgebou het 'n houtraamwerk gehad en was met koperbekleding bedek. Die koepel is later vervang met 'n koepel van dubbel gegote yster.

Die **Musgum** gebruik 'n eenvoudige maar effektiewe **tegnologie** om afloop en dreinering te verseker deur verhewe geometriese aaragtige patrone met modder aan die buitekant van die eieragtige koepelvormige tolek **te bou**.☑ Die moddermateriaal wat gebruik word om die hutte te bou, weerstaan die reënseisoen en die verhewe patrone vereis gereelde instandhouding. Hierdie taak word tradisioneel deur die vroue uitgevoer en die patrone help 'n persoon om tot die bopunt van die tolek te klim.☑ Die imposante ingang na die **Amerikaanse Kongresgebou** is gebou met 'n Romeinse styl kolonnade/suilegang met 'n kroonlys bo-op wat reliëfwerk uit die sandsteen gekerf, bevat☑ waar die Musgum-tolek/hut 'n ongewone konstruksie vir die ingang het wat bestaan uit 'n sleutelgatvormige gepunte boog.☑ Hierdie interessante vorm is 'n tegnologie wat deur die Musgum ontwikkel is wat beeste in staat stel om in die ingang te pas.☑ Die Musgum-tolek se mure is dikker onder en raak geleidelik dunner na bo, dit versterk die struktuur wat ook 'n ronde venster vir ventilasie bevat.☑ Die dubbellaag gegote yster-koepel van die Kongresgebou bevat ook 'n ronde venster maar dit het nie 'n ventilasiefunksie nie.☑

Die **belang van die terrein** van die **Musgum**-modderhutte in Noord-Kameroen en die **Amerikaanse Kongresgebou** verskil met betrekking tot waar hulle geleë is; die Kongresgebou is in die middel van die hoofstad van Amerika geleë en die Musgum se klein dorpies is oor oop vloedvlaktes versprei.☑ Die Musgum-modderhutte, waarna as tolek verwys word, is in 'n sirkel van tot vyftien tolekaykay (meervoud van tolek) gegroepeer.☑ 'n Muur wat uit takke bestaan word rondom die hutte opgerig wat aandui dat al hierdie huise aan een gesin/familie behoort.☑ Die Kongresgebou is die plek waar die regering bymekaarkom om nasionale beleide en wette van Amerika te ontwerp en is 'n betekenisvolle terrein in Washington, D.C. Die belangrikheid van hierdie gebou is duidelik want dit is dwarsdeur Washington sigbaar.☑ Dit is gebou op die geometriese middelpunt van die stad en is geleë op een van die hoogste punte van die stad wat dit in staat stel om die hele stad te domineer.☑

Beide geboue weerspieël hulle **funksie** in hulle vorm. Die gebou van die **Amerikaanse Kongres** is 'n wetgewende gebou van die Amerikaanse regering en is op die Romeinse ideale van orde en logika gebaseer.☑ Die Amerikaanse Kongresgebou huisves die vergaderlokale van die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers – die twee regeringsliggame wat byeenkom om nasionale beleid en die ontwerp van Amerika se wette te bespreek.☑ Dit word ook gebruik vir seremonies van nasionale belang soos presidensiële inhuldigings en dit funksioneer as 'n museum van Amerikaanse kuns en geskiedenis.☑ In vergelyking weerspieël



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE

die eiervormige modder-**Musgum-tolek**/hut sy funksie as 'n tuiste vir die Musgum en hulle lewende hawe.☑ Die kollektiewe tolekaykay funksioneer as 'n klein dorpie waar lewende hawe snags slaap.☑ Die areas tussen die tolekaykay het spesifieke funksies, soos 'n area vir beeste, 'n speelarea vir kinders en 'n area vir die raad.☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings of 'n vergelyking van 'n Klassieke en kontemporêre gebou of 'n vergelyking van 'n Klassieke en 'n Inheemse Kennisstelsels(IKS)-gebou/struktuur wat die kandidaat bestudeer het.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir tabelvergelykings toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte vergelykings aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.**

| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3 | 3 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | | | 1 |
| | Evalueer, Besin/nadink | 30% | 3 | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4 [30 punte]

4.1 **Ken 20 punte in totaal toe.**
**Ken 10 punte toe vir elke beweging: 5 punte in totaal vir doelwitte, invloede en kenmerke, 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld, 1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp en 2 punte vir verwysing na die stelling in die konteks van die ontwerpbeweging.**

**Gebruik die kognitiewe vlakke as riglyne.**

Hierdie nasienriglyne verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:
- **ART DECO**
- **SKANDINAWIES**

**ART DECO**
Die **doel** van Art Deco was om 'n dekoratiewe styl te skep wat 'n alternatiewe werklikheid vir 'n oorlogsgeteisterde Europa sou verskaf.☑ Art Deco was 'n beweging wat ook ten doel gehad het om 'wow'-ontwerpe te skep, wat dit bereik het deur 'n wêreld gevul met luukshede, eksotiese kleedstowwe en style te skep wat dramaties en elegant was.☑ Hulle ontwerpe het sinoniem met spoed en vereenvoudiging/stroombelyning geword.☑

Art Deco is **beïnvloed** deur die chevron-patrone, die lotusblom en papirusplant wat in antieke Egiptiese kuns gevind word.☑ Nog 'n invloed was die trapvormige piramidevorms van die Aztec-beskawings asook geometriese vorms in moderne kunsbewegings, soos Kubisme, Fauvisme en Futurisme gevind.☑ Die eksotiese kostuums van die Russiese Balletgeselskap, Ballet Russe, en die vereenvoudiging van vorms in Afrika-kuns was ook 'n invloed.☑

Die vereenvoudiging/stroombelyning en aërodinamika was tipiese Art Deco-**kenmerke** wat op produk- en toestelontwerp toegepas is.☑ Reghoeke en elemente wat skerp punte maak (uitsteeksels) is vervang met organiese vorms en vereenvoudiging/stroombelyning wat op vliegtuie, motorvoertuie, skepe en produkontwerpe toegepas is.☑ Die gebruik van nuwe, moderne materiaal en prosesse is aangemoedig en daar is mee geëksperimenteer.☑ Die beweging wou ontwikkeling toon wat 'n moderne wêreld sou verteenwoordig deur die gebruik van nuwe materiaal soos bakeliet wat gebruik is om luukse duur oppervlakke na te boots.☑ 'n Wye verskeidenheid eksotiese materiaal is gebruik soos haaivel, ivoor, lakverniste hout en perlemoen om 'wow'-, treffende ontwerpe te skep.☑




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**'n Voorbeeld van Art Deco-ontwerp** is die Chrysler-gebou deur Willem van Allen in New York, VSA.☑ Gebou as die hoofkwartier van die Chrysler-motormaatskappy, word hierdie wolkekrabber as die ikoon van die Art Deco-beweging beskou.☑ Die toring, van nirocosta-staal gemaak, het 'n simbool van krag en mag geword.☑ Die vernouing van die toring vanaf die basis na die toring verseker dat lig die straatvlak onder bereik.☑ Tipiese Art Deco-motiewe is aan die buitekant van die gebou gebruik, onder meer die Goties geïnspireerde arendwaterspuite en sonstraalpatrone wat die kroon van die toring vorm.☑ Die binnekant sluit luukse ingelegde hout in, wat duidelik te sien is op huisbakdeure wat 'n dekoratiewe lotusblomontwerp het.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

**SKANDINAWIESE ONTWERP:**
Skandinawiese Ontwerp kan beskou word as 'n beweging wat die aanhaling **verwerp** want die ontwerpe van hierdie beweging is nie hoogs dekoratief, emosioneel of 'wow' nie.☑ Skandinawiese ontwerpe is klinies, kalm, subtiel en onderbeklemtoon.☑ Die **doel** van Skandinawiese ontwerpers is om eenvoudige, funksionele produkte te skep wat goed afgewerk en bekostigbaar is.☑ Hulle doel is om ontwerp te bevorder wat funksioneel, maar terselfdertyd esteties aangenaam is, wat goeie vakmanskap, elegansie en eenvoudigheid weerspieël.☑ Die organiese vorms van hulle ontwerpe en die gebruik van ligte en donker hout toon hulle doelwit om by die natuur en die Nordiese landskap aan te sluit.☑

Die gebruik van eenvoudige, funksionele ontwerpe met skoon lyne en gladde oppervlakke weerspieël die **invloed** van die Bauhaus, Modernistiese en Internasionale style.☑ Dit is beïnvloed deur die Bauhaus-oortuiging in 'vorm volg op funksie'.☑ Die invloed van Surrealistiese kunstenaars, soos Miro, kan in die afplatting van organiese vorms in eenvoudige, abstrakte en biomorfiese fatsoene gesien word.☑ Dit is ook deur die natuur en die noordelike klimaat met lang winters en paar ure sonlig geïnspireer.☑ Dit het hulle geïnspireer om helder, ligte en praktiese omgewings met skoon lyne te skep.☑

**Kenmerkende** eienskappe van Skandinawiese ontwerpe het 'n stil, rustige of kalm gehalte.☑ Die vorms is skoon, eenvoudig en organies met gladde oppervlakke en skoon lyne wat modernisme en ligtheid uitdruk.☑ Deels van wat hierdie ontwerpe so esteties aangenaam maak, is die gebrek aan 'n deurmekaarspul.☑ Kleure is meesal neutraal met toevallige helder elemente.☑ Hulle gebruik nuwe materiaal, soos veselglas, rubber, plastiek, hout, viniel, laaghout, aluminium en chroom in hulle behoefte om laekoste-oplossings vir moderne behoeftes te skep.☑ Die meeste van hulle ontwerpe is multifunksioneel, buigsaam en word ook plat verpak wat hulle ontwerpe meer toeganklik maak.☑





DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Kuokkala Church** ontwerp deur Oopeaa Office for Peripheral Architecture, Jyväskylä, Finland (2019).☑ Hierdie kerk gebruik skoon lyne en oop ruimtes om 'n

kalm atmosfeer te skep wat nie dramaties of 'wow' is nie.☑ Die buitekant van die kerk lyk glad en modern. Die skoonheid van die kerkontwerp lê in die skoon vorms en lyne en die gebruik van volhoubare en warm hout wat die gebou bedek/beklee.☑ Die masjienagtige, geometriese vorms is deur Bauhaus geïnspireer.☑ Die kerk handhaaf 'n balans tussen kostedoeltreffendheid, funksie en estetika.☑ Die veeldoelige struktuur, wat 'n klaskamer, kafee en kantoor, asook die hoofkerksaal insluit, illustreer hoe tradisionele funksionaliteit en godsdienstige simboliek soomloos in 'n hoogs kontemporêre ontwerp geïntegreer kan word.☑

Die binnenshuise versiering is 'n goeie voorbeeld van hoe hout deur buitengewone vakmanskap gedefinieer kan word.☑ Die houtbekleding/-bedekking toon Nordiese minimalisme.☑ Die ruimte is oop, minimaal en oorvloei met lig om 'n heilige atmosfeer te skep.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings**

| V4.1VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 4 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 4.1 | 2 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | | 4 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

4.2 **[10 punte] (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe)**





Die Franse Art Nouveau-kraffie of wynfles (FIGUUR H) is deur die Kuns en Kunsvlyt-herlewing van hoë gehalte vakmanskap, **beïnvloed/geïnspireer**.☑ Die Bauhaus-mengfles (FIGUUR I) is ook beïnvloed deur die klem op Kuns en Kunsvlyt-ontwerp se eenvoud en hoë gehalte ontwerp. ☑ Die invloed van die gestileerde, dekoratiewe lyne wat in Japanese-houtsneeafdrukke gevind word, kan in die geskilderde blomversierings op die glas (FIGUUR H) gesien word.☑ Die invloed van die ingewikkelde lineêre patroonwerk op Keltiese snywerk kan in die Art Nouveau se gebruik van delikate ineengeweefde lineêre piouterplantstingels gesien word.☑ Die mengfles (FIGUUR I) volg Louis Sullivan se uitspraak: 'vorm volg op funksie'.☑ Nog 'n invloed op die Bauhaus-mengfles is De Stijl se verwerping van alle nie-noodsaaklike kenmerke en 'warboel' om die noodsaaklikste abstrakte geometriese vorms, lyne en kleure te vind.☑ Klem is geplaas op eenvoud, orde, abstraksie, suiwerheid en 'n 'minder is meer'-filosofie.☑ Soos De Stijl, gebruik die Bauhaus-mengfles veral suiwer, geometriese vorms en gladde weerkaatsende

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 0 7
APPROVED MARKING GUIDELINE

vlekvryestaal-oppervlakke om 'n onpersoonlike, maar koel, kliniese masjienagtige produk te skep.☑

Die Art Nouveau-kraffie se gebruik van gekurfde, organiese **lyn** weerspieël die invloed van die natuur en die sensuele, gekurfde vroulike vorm.☑ Die gebruik van hierdie kromlynige lyn is duidelik in die vloeiende, versilwerde versiering op die ondeursigtige glashoofgedeelte en die handvatsel van die kraffie sigbaar.☑ Die sweepslagpatroon van die lyne op die kraffie skep 'n besige, lewendige oppervlak.☑ In teenstelling daarmee is die lyne op die Bauhaus-mengfles glad en sirkelvormig om 'n formele, kalm effek te skep.☑

Ten opsigte van die konsep **vorm volg op funksie**, is die hoogs dekoratiewe vorm van die Art Nouveau-kraffie slank en deur die vroulike vorm geïnspireer, wat dus die fokus op vorm eerder as op funksie plaas.☑ In teenstelling met die dekoratiewe, langwerpige vorm van die Art Nouveau-kraffie, het die Bauhaus-mengfles die vorm van 'n suiwer en eenvoudige sfeer sodat dit meer vloeistof kan hou en dit meer funksioneel maak.☑ Die handvatsel van die Art Nouveau-kraffie skep vloeiende, organiese vorms geïnspireer deur die natuur terwyl die eenvoudige sirkelvormige handvatsel van die Bauhaus-mengfles vorm volg op funksie weerspieël a.g.v. die praktiese gebruik daarvan.☑ Die tuit is 'n eenvoudige, geometriese, silindriese vorm wat by die algemene gevoel van orde en stabiliteit voeg.☑

Die hoofgedeelte van die Art Nouveau-kraffie is van 'n ondeursigtige/melkerige of wolkerige ligte grysgroen glas**materiaal**.☑ Bo-op hierdie melkerige agtergrond is goue emalje gebruik om gestileerde blomversierings te verf.☑ Die handvatsel is van piouter en skep 'n luukse effek.☑ Bykomend skep die ryklik versierde donker silwerkleurige versilwering rondom die glas 'n sterk kontras met die ligte, matglas.☑ Die Bauhaus-mengfles bestaan hoofsaaklik uit vlekvrye staal om die algemene doel van eenvoud, suiwerheid en orde te steun.☑ Die materiaal (vlekvrye staal) weerspieël kalmte, maar voeg ook 'n elegante en duur gevoel by die werk.☑

Die gebruik van versierde dekor in die handvatsels en dekoratiewe gestileerde geverfde fatsoene op die glas van die Art Nouveau-kraffie wys duidelik dat die beweging nie 'n Minimalistiese filosofie volg nie.☑ Art Nouveau-ontwerpers verkies ryklik versierde ontwerpe eerder as onversierde ontwerpe waar Bauhaus **Minimalisme** verkies en 'verwarring en warboel' verwerp om skoon lyne, eenvoudige en funksionele vorms te skep.☑ Daar is min of geen versiering nie, primêre of neutrale kleure en 'n rasionele gebruik of moderne materiaal, soos glas, buisstaal, beton en vlekvrye staal.☑ Bauhaus-kunstenaars verkies lineêre en geometriese vorms en vermy blomagtige en kromlynige vorms.☑ Hulle Minimalistiese benadering word weerspieël in hulle 'getrou aan materiaal'- en 'minder is meer'-filosofie.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir tabelvergelykings toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte vergelykings aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.**

| V4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 4.2 | 2 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

**VRAAG 5 [20 punte]**
**Beantwoord OF VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.**

5.1




5.1.1 **(Ken 4 punte toe)**

'n Jongman word uitgebeeld waar hy binne-in 'n spuit sit; hy lyk vasgekeer of ingehok.☑ Die plakkaat dra oor dat dwelms gevaarlik en verslawend is en daartoe lei dat mense vasgevang en baie ongelukkig voel.☑ Die jongman hou sy kop vas met sy hande wat sy desperaatheid toon.☑ Die spuit is groot en in die middel van die plakkaat geplaas wat 'n sterk fokuspunt skep om die boodskap van die plakkaat oor te dra.☑ Die spuit is ligter as die grys agtergrond en op die voorgrond geplaas wat 'n driedimensionele illusie skep, wat die boodskap van die plakkaat meer realisties laat lyk.☑ Alhoewel die spuit sommige van die letters blokkeer, laat die Gestalt-beginsel van kontinuïteit die volledige lees van die sin toe.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

5.1.2 **Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie.**
**1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp, 4 punte vir 'n bespreking van die doelwitte en prosesse en 3 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit sosiokulturele kwessies aanpak.**

**EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER/ONTWERP-GROEP**



**Naam van 'n ontwerper/ontwerpgroep/ontwerpmaatskappy en een ontwerp-produk:**

Die **Woza Moya**-bemagtigingsprojek. 'n Ontwerpproduk geskep deur hierdie projek is die 'Luiperdvel-buishalssnoer ('Leopard Print Tube Necklace').☑



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Sosiokulturele kwessies wat in hulle doelwitte en/of ontwerpprosesse aangepak word**

Die Woza Moya (Zoeloe-frase vir 'Kom Wind van Verandering')-projek, is die grootste ekonomiese bemagtigingsprogram wat deur die HACT (Hillcrest Aids Centre Trust), 'n nieregeringsorganisasie (NRO), verskaf word, en sluit meer as 350 tradisionele kunstenaars in wat by tradisionele kunsvlyt betrokke is.☑ Die projek se **doel** is om landelike handwerkkunstenaars in kleinbesigheidseienaars te verander.☑ Die projek word as 'n sosiale onderneming geadministreer met ekonomiese en sosiale welstand as die kerndoelwit.☑ Die projek is net gestig om die uitdaging van armoede en ontmagtiging op te los.☑ Met behulp van inkomste onder hierdie projek, word ekonomiese en maatskaplike vordering bereik, soos om hulle eie huise te bou en vir die tersiêre opleiding van die handwerkkunstenaars se kinders te betaal.☑

Nog belangriker, is dat die Woza Moya-projek 'n gemeenskap bied waar landelike handwerkkunstenaars met gedeelde maatskaplike, kulturele en ekonomiese ervarings kan saamkom, hulle produkte kan maak, 'n ordentlike en gesonde lewenstyl kan bekostig, hulleself deur hulle handwerk kan uitdruk en as ondersteuning vir mekaar kan optree.☑ Om dit te kan bereik, moet die projek marknavorsing, marktoegang (buiteland en oorsee), moderne kunshandwerk- en besigheidsopleiding, gehalteversekering, toerusting en prysbepalingsleiding verskaf.☑

**Bespreek die ontwerpvoorbeeld/-produk van die ontwerper/ontwerpgroep hierbo om te verduidelik hoe die ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanpak.**

Die Luiperdvel-buishalssnoer is 'n moderne vertolking van die tradisionele Zulu-kralebuis-halssnoer.☑ Hierdie halssnoer gebruik 'n aantal buise wat opwindende lineêre ritmes verskaf.☑ Die gebruik of tradisionele kraletegnieke is om verskillende redes van maatskaplike waarde: die waarde van hierdie tegnieke is bevestig en hulle kontinuïteit is verseker.☑ Deur die Woza Moya-projek is die halssnoer 'n innoverende benadering wat tradisionele Zulu-handwerk bewaar en daarop voortbou deur kontemporêre juweliersware te skep.☑

**EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**




**Naam van 'n ontwerper/ontwerpgroep/ontwerpmaatskappy en een ontwerp-produk:**
Kondi-Roof Lüders, 'n stedelike speelterrein bo-op 'n parkade ontwerp deur Kathrin Susanna Gimmel, JAJA Architects (Kopenhagen).☑

...PARTMENT OF BAS...
EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Sosiokulturele kwessies wat in hulle doelwitte en/of ontwerpprosesse aangepak word**

JAJA Architects se doel is om ontwerpe te skep wat volhoubaar by Kopenhagen se veranderende gemeenskappe, tegnologieë en klimaat aanpas.☑

Hulle streef daarna om dialoog tussen die projek en die inherente eienskappe van die ligging te skep. Hulle projekte is op stories van die plek, die plaaslike kultuur en gemeenskap gebou om 'n band met die area/gebied en die verlede te behou.☑ Hulle doel is ook om nuwe lae by te voeg sodat nuwe stories kan ontwikkel.☑

**Bespreek die ontwerpvoorbeeld/-produk van die ontwerper/ontwerpgroep hierbo om te verduidelik hoe die ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanpak.**

Hulle projek Kondi-Roof Lüders, 'n stedelike speelterrein bo-op 'n parkade, het 'n warm, rooi tint, aangeneem uit die geskiedenis van die terrein en gee identiteit aan die andersins generiese konkrete elemente.☑ Die area staan bekend as 'red neighbourhood' ('rooi woonbuurt') as gevolg van die kenmerkende rooi baksteengeboue al langs die hawe.☑ In plaas daarvan om die parkadestruktuur te versteek, word die traliewerk in die fasade geaksentueer.☑ 'n Stelsel planthouers word in 'n patroon gehang volgens die traliewerk wat die struktuur verbeter eerder as om dit weg te steek.☑ Hierdie planthouers versprei groenigheid al langs die fasade.☑ Om die daklandskap 'n sterk identiteit en 'n algemene raamwerk vir die baie aktiwiteite te gee, is 'n rooi draad letterlik geïnkorporeer as gids vir besoekers in die gebou.☑ Dit begin as 'n handreling wat mense van die straatvlak na die dak lei en verander in 'n beeldhouinstallasie wat 'n hele reeks ontspanningsaktiwiteite aanbied.☑ Van swaaie, trampoliens, klimrame, tot CrossFit-toerusting en nog meer lok dit spelerige en atletiese kinders, volwassenes en bejaardes.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken<br>Verstaan, Verduidelik, Beskryf | 30% | 5.1.1 + 5.1.2 | 2 + 4 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.1<br>5.1.2 | 2<br>6 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Vertolk<br>Evalueer, Besin/nadink<br>Sintetiseer, Regverdig | 30% | 5.1.2 | 2<br>2<br>2 |

5.2

5.2.1 **(Ken 10 punte toe)**
**1 punt vir die tradisionele handwerk/inheemse kulturele gemeenskap, 6 punte vir 'n bespreking van die oorsprong, funksie, materiaal en tegnieke en 3 punte vir 'n bespreking van die EEN tradisionele handwerkvoorbeeld.**

Die **Abakhwetha-kombers** van die amaXhosa-kultuur ☑

**Oorsprong, funksie, materiaal en tegnieke**
'n Vinnige uitbreiding van die amaXhosa-bevolking, saam met 'n afname in beesvelle as gevolg van die veeslagtings en hongersnood van 1856-7, het tydens koloniale Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 'n toename in kombersinvoere gelei. ☑ Hierdie komberse is regdeur Suidelike Afrika aanvaar en inheemse mense het dit as 'n bekostigbare en praktiese vorm van kleredrag aangepas.☑ Die kombers



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

vorm 'n integrale deel van die tradisionele kleredrag van die amaXhosa.☑ Die Nguni-stamme is tradisioneel veeboere/beesboere en die oorgrote meerderheid van hulle kleredrag het oorspronklik uit dierevelle bestaan.☑ Die amaXhosa staan histories as die 'Rooi Kombers-mense' bekend as gevolg van die komberse wat met rooi oker gekleur is.☑ Die komberse verskil in intensiteit en kleur van een stam na die volgende as gevolg van die subtiele geografiese nuanses wat in natuurlike oker voorkom.☑

**'n Kort bespreking van EEN voorbeeld, asook die naam van die inheemse kulturele gemeenskap wat die tradisionele handwerk gemaak het**



Die Abakhwetha-inisiasiekombers van die amaXhosa het sy oorsprong in die amaXhosa-inisiasierituееl.☑ Voordat die inisiasierites begin, word die Abakhwhetha se klere versnipper.☑ Die ingewyde of umkhwetha word seremonieel gewas en in die kombers toegedraai en 'Ulwaluko' of besnyding word uitgevoer.☑ Die wit viltagtige kombers met strak rooi bande wat in die lengte om die rand van die kleedstof loop,☑ is simbolies van die bloed wat met die inisiasierite geassosieer word, waar seuns mans word.☑ Dit bly die jongman se enigste klere en beskerming teen die elemente.☑ Die jongmans word dan aan hulle gemeenskappe as 'Amakrwala' voorgestel, toegedraai in 'n nuwe, oor die algemeen meer kleurvolle en opgesmukte kombers.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

5.2.2 **(Ken 10 punte toe)**
**1 punt vir die naam van die ontwerp/ontwerpgroep en hulle produk(te), 4 punte vir doelwitte en invloede en 5 punte oor hoe tradisionele tegnieke/metodes en materiaal op relevante kontemporêre ontwerp toegepas is.**

**Naam van ontwerp/ontwerpgroep en EEN kontemporêre ontwerpproduk**
Teestel deur Sikho Mququ van Ckho Ceramique☑

**Doelwitte van en invloede op die ontwerper/ontwerpgroep**
Wanneer Mququ skep en klei gooi, sit hy sy siel in die pot en wanneer iemand anders dit waardeer, beteken dit hy deel sy liefde met ander. Hy wil hê sy keramiekware moet 'n doel vir ander dien.☑ Sikho Mququ se keramiekware word deur die natuur beïnvloed.☑ Hy voel dat hy beïnvloed is toe hy as kind op die rivieroewers met klei gespeel het. Hulle sou klei opgrawe, in koeie vorm, dit droogmaak en dan baklei om te sien wie se beeste die sterkste was.☑ Hy het ook met insekte gespeel, hulle gevang en ondersoek en baie aandag aan besonderhede gegee, wat hom ook beïnvloed het.☑ Hy sê dat terwyl hy tussen blomme gespeel het, hy deur hulle kleure geïnspireer is. Hy probeer om die meeste hiervan in die patrone sigbaar op sy potte, oordra.☑ Sy spesialiteits- rooi en wit blokkiespatroon is 'n patroon wat deur 'n tradisionele Xhosa-kombers, *ityali* genoem, geïnspireer is.☑ Dit word nie net vir hitte gebruik nie, maar ook om

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07

tradisionele redes. Vroue dra die kombers wanneer hulle trou en by hulle skoonouers aansluit.☑

**Materiaal en prosesse van die ontwerper/ontwerpgroep**
Sikho spesialiseer in die ontwerp van tafelware, flesse, potte en beeldhouwerke.☑ Hy gebruik die veelsydigheid van klei om ongeglasuurde, tasbare potte te skep en kombineer dit met kontemporêre, gemoderniseerde Afrika-patrone.☑ Hy gebruik beide handbou-tegnieke en wielgooitegnieke.☑

**Analise van hoe die kontemporêre ontwerpproduk by inheemse handwerktegnieke aanpas en dit vier**



Mququ skep 'n moderne, eenvoudige Bauhaus-styl teestel☑ en skep 'n oppervlakpatroon wat deur die rooi en wit blokkiespatroon op die *ityali*-kombers geïnspireer is.☑ Hierdie patroon is verander om 'n vertikale lyn deur die middel van die teepot en koppie te skep, in plaas daarvan om dit om die randjie van die produk te plaas.☑ Die toepas van die patroon op hierdie teepot en koppie en piering laat mens dink aan die oorspronklike kombersontwerp en die wyse waarop die tradisie voortgegsit word, alhoewel dit meer modern is.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

**GEEN punte moet toegeken word vir herhaling van ontwerper(s) en hulle werk wat reeds in hierdie vraestel gebruik is nie.**

| V5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.2.1 + 5.2.2 | 1 + 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.2.1 + 5.2.2 | 2 + 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.1<br>5.2.2 | 4<br>4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 5.2.1 + 5.2.2 | 2 + 1 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | 5.2.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 5.2.1 | 2 |

...PARTMENT OF BASI...
EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 6 [20 punte]**

6.1

6.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Die ekovriendelike verpakking FIGUUR K beskerm ons omgewing teen besoedeling aangesien hierdie verpakking van bioafbreekbare papier gemaak is.☑ Hierdie enkelgebruik ekovriendelike verpakking is weggooibaar en sal vinnig afbreek sonder om die aarde of diere skade aan te doen.☑ Dit verseker dat die ekosisteem nie op enige wyse gedestabiliseer of beskadig word nie.☑

6.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

Die materiaal gebruik is dalk nie sterk genoeg om swaar items te dra nie.☑ Die verpakking in FIGUUR K is nie geskik vir die dra van vloeistowwe nie want dit sal deurweek word en skeur.☑ Die verpakking kan nie herhaaldelik gebruik word nie want dit swak is en sal disintegreer na 'n kort tydperk van gebruik.☑ Die verpakking in FIGUUR K het nie handelsmerke nie, wat die aantrekkingskrag daarvan vir verbruikers kan verminder.☑

Kandidate kan ook gekrediteer word vir die algemene aspekte van verpakking waar hulle dalk nog die negatiewe faktore van omgewingsbekommernisse moet identifiseer.

6.2 **Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie.**
**1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp, 5 punte vir 'n bespreking van die doelwitte, materiaal en prosesse en 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit omgewingskwessies aanpak.**

**PLAASLIKE OMGEWINGSONTWERP:**
Die Pod-silwerhangertjie deur Auterra (Suid-Afrika), 2019.☑




**Doelwitte, materiaal en prosesse:**
Auterra Jewellery se doelwit is volhoubaarheid en omgewingsregverdigheid.☑ Die stigter, Ashley Heather, het die gevolge van besoedeling as gevolg van onbeperkte mynbou gesien en het daarom besluit om eerder herwinde materiaal in haar juwelierswarereeks as ontginde metale te gebruik.☑ Sy het die sprong geneem en begin om juweliersware te maak met silwer wat uit fotografiese afval herwin is☑ asook minimalistiese juweliersware wat handbewerk is in edelmetale herwin uit stroombaanpanele deur 'n klein raffinadery.☑

Die maatskappy het in 'n klein span ontwikkel wat spesialiseer in goud en silwer herwin uit elektroniese afval wat 'e-waste' genoem word.☑ Dit is 'n versamelnaam vir elektroniese toestelle (uit vliegtuigstuurkajuitkonsole, skootrekenaars, VKO's, DVD-spelers, selfone, ens.) wat gebreek is, weggegooi of wat die einde van hulle

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE

bruikbare lewe bereik het.☑ E-waste het die munisipale afvalstroom geword wat die vinnigste in die wêreld groei.☑

Die elektroniese komponente word teen hoë temperature verhit om metale van nie-metale te skei. Die metale by die raffinadery word deeglik skoongemaak om te verseker dat die herwinde e-waste goud en silwer van die hoogste suiwerheid is.☑

**'n Bespreking van die ontwerp en 'n verduideliking van hoe dit volhoubare/omgewingskwessies aanpak**



**Die Pod-silwerhangertjie**-stuk wat deur Auterra vervaardig is, druk vlietende oomblikke in die daaglikse lewe uit en is stylvol, minimaal en drabaar.☑ Die vorm is eenvoudig, onopgesmuk en glad.☑ Met die herwinning van die edelmetale het Auterra reeds bogrond gegaan aangesien hulle nie net die kwessie van gevaarlike e-waste voorkom nie, maar ook die behoefte aan die myn van nuwe erts verminder wat weer sy eie negatiewe maatskaplike en ekologiese invloed het.☑ Aangesien myne groot stukke grond verwoes, waterweë besoedel en wildslewe vernietig, verseker Auttera dat hulle hul materiaal op 'n onkonvensionele wyse bekom.☑ E-waste-herwinning skep ook baie werksgeleenthede in 'n tyd van toenemende outomatisering en mynsluitings wat 'n drastiese toename in werkloosheid in daardie sektor veroorsaak.☑

**EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**



**Naam van ontwerper/ontwerpgroep/-maatskappy en EEN ontwerpproduk:**
Foonomhulsels deur Pela (Japan), 2021.☑

**Doelwitte, materiaal en prosesse:**
Pela se doelwit is om 'n stap te neem om 'n volhoubare, plastiekvrye produk te maak, die nuwe normaal, met 'n produk wat ons elke dag vashou.☑ Die maatskappy is trots daarop dat hulle die wêreld se eerste foonomhulsel, wat 100% in kompos kan verander, geskep het.☑ 'n Volhoubare slimfoonomhulsel is spesiaal ontwerp om toestelbeskerming te gee sonder om die omgewing te beïnvloed.☑

Pela gebruik 'n verskeidenheid materiaal, soos kurk, bamboes, hout en vlas om hulle produkte te maak.☑ Die produksie se koolstofvoetspoor is ook 30% minder, gebruik 34% minder water en gee 80% minder afval.☑ Hierdie materiaal is reeds redelik sterk, maar wanneer dit saamgepers en in die foonomhulsel verander is, bied dit 'n baie meer beskerming as die meeste teenstanders en sonder die negatiewe omgewingsimpak.☑



...PARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
... EXAMINATION

**'n Analise van die ontwerp en 'n verduideliking van hoe dit die omgewingskwessie aanpak.**
Behalwe dat dit in kompos verwerk kan word, kom die Pela-foonomhulsel in 'n wye reeks kleure en styl voor; werklik iets vir almal.☑ Pela gebruik doelbewus ekovriendelike materiaal en verminder so hulle negatiewe omgewingsvoetspoor.☑

Met meer individue wat bewus word van die omgewing, maak Pela 'n punt daarvan om dit met volhoubare en ekovriendelike slimfoonomhulsels te beskerm.☑ Hulle bied die opsie om beskerming vir jou foon te kry terwyl jy steeds die omgewing respekteer.☑ Met hulle 2020-reduksieplan het hulle planne uiteengesit om vervoerroetes te stroombelyn, afval van produkte wat hulle einde bereik het ('end-of-life waste') te verminder, en om vervaardigingsfasiliteite te help om na herwinbare kragbronne te verskuif.☑

**Gee krediet aan ander geldige stellings.**

| V6 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNINGS | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 6.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 6.1.1 + 6.1.2 + 6.2 | 1 + 1 + 2 |
| **Middel orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1.1<br>6.1.2 + 6.2 | 1<br>1 + 6 |
| **Hoër orde** | Analiseer, Vergelyk, Vertolk | 30% | 6.2 | 2 |
| | Evalueer, Besin/nadink | | 6.2 | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 6.2 | 2 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -12- 07
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION